

**16 Mei**

**Skrifgedeelte: Psalm 90**

**Fokusgedeelte: Psalm 90:12**

### **Gebruik vandag om wysheid te bekom!**

Vandag is dalk my laaste dag op aarde. Of ek nou tien jaar oud is of veertig of tagtig, die dood vra nie hoe oud jy is en wat jy nog alles wou doen nie. Daarom bid Moses in Psalm 90:12: “Leer ons ons dae so gebruik dat ons wysheid bekom.”

Ware wysheid is om die Here te dien. Ware wysheid is om te weet dat daar net een lewende God is, die God van die Bybel en om te weet dat ‘n mens alleen deur Jesus Christus van die ewige dood verlos kan word.

Jy beplan seker om vandag ‘n hele paar dinge te doen. Hoeveel daarvan stem ooreen met hierdie gebed: “Leer ons ons dae so gebruik dat ons wysheid bekom”? Net die dinge wat jy nader aan God gaan bring, wat jou geloof gaan versterk, het regtig ewigheidswaarde. Net die dinge wat tot eer van God en tot voordeel van jou medemens gaan wees, is dinge wat met God se wil vir jou lewe ooreenstem.

Ons moet dus eerder ‘n sinvolle en ‘n diensbare lewe as om ‘n lang lewe te begeer, ‘n lewe wat van die wysheid van God se woord spreek, ‘n lewe wat God eer en my naaste bevoordeel.

Pas dus op daarvoor om ingesluk te word deur ‘n gejaagde lewe wat om geld en eie eer en kunsmatige dinge draai, die sogenaamde “rotresies”. Laat ons eerder ons dae so gebruik dat ons wysheid bekom, die wysheid wat in Jesus Christus tot die ewige lewe lei!

*Sing: Psalm 90:7,8 Ds HPM van Rhyn (Wilropark)*